NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

DUTCH REFORMED CHURCH

17 Maart 2020

COVID-19

Beste Kollegas

COVID-19 bied ongelooflike uitdagings aan ons elkeen. Dit is egter ook waar dat dit vir ’n missionale kerk geleenthede bied wat ons met oorgawe kan omarm. Die NG Kerk met al haar kundigheid, passievolle lidmate en infrastruktuur kan in ’n uitdagende konteks ’n wesenlike verskil maak en so ’n kragtige getuienis lewer. In die lig hiervan, vind jy aangeheg ’n pastorale brief en ’n verklaring van die ASM se dagbestuur.

Die vraag is: Hoe gaan ons die geleentheid aangryp om die gemeenskappe waarin ons kerk is te dien? Dit sal vra dat ons nie net saambid oor die saak nie, maar ook binne kerkverband met oorgawe sal saamwerk om die impak van die virus te beperk. Saam kan ons ’n groter verskil maak. *Kerkbode* (kerkbode@tydskrifte.co.za) gaan ruimte skep vir enige kreatiewe opsies waarmee gemeentes of individue die kerkverband kan dien. Om jou gemeente of streeksinode en/of hulpbronne vir bediening te midde van die noodmaatreëls teen COVID-19 met ander gelowiges te deel, stuur asseblief ’n e-pos na bogenoemde e-posadres.

Ons kan baie by mekaar leer, en van ander denominasies. In die week wat kom, sal daar verskeie ekumeniese geleenthede wees waar kerke met mekaar inligting oor hulle onderskeie projekte en prosesse kan deel. Ek onderneem om jou deur die *Kerkbode*-kollegas op datum hiervan te hou.

President Ramaphosa het dit nodig geag om kerkleiers eerskomende Donderdag oor hierdie saak te ontmoet. Terugvoering sal ná die ontmoeting gegee word.

Byvoorbaat dankie vir jou saamdink, saambid en saamwerk.

Saam in Sy diens

Gustav Claassen
Algemene Sekretaris
Nederduitse Gereformeerde Kerk

13528
HATFIELD, 0028
Pretoria, South Africa

+27 (0)12 342 0092
+27 (0)12 342 0380

http://ngkerk.net/

info@ngkerk.org.za

PBO nr: 930006591